



Mind Moves® - Bewegende breine

Hierdie is my storie wat ek net moet deel. Mind Moves het my hele persepsie van opvoeding verander. Heel-denk-breine wat aangeskakel is om informasie te ontvang. Kan dit waar wees? Hoekom het my onderwysers nooit van hierdie tegnieke geweet nie? Hoe sou my matriekuitslae gelyk het as ek hierdie tegnieke twaalf jaar terug kon gebruik?

Dit was waarlik in die begin vir my te goed om waar te wees! As hierdie dan 'n wenresep is, hoekom weet die wêreld dan nie hiervan nie? En ek kon die strepies dadelik trek na Christenskap. As Jesus dan die Weg en Waarheid na die Ewigheid is, hoekom weet die wêreld dan nie van Hom nie? Ek het dadelik besef, net soos Christenskap, begin Mind Moves by my. Ek moet hierdie tegnieke leer, ken en toepas in my alledaagse klasgee-roetine. Ek moet my leerlinge al die tegnieke leer sodat hulle volkome kan presteer in hul akademie. Dit begin verseker by my.

Ons skool is baie bevoorreg om sekerlik een van die mees dinamiese Mind Moves-baanbrekers in Namibië, ons eie te kan noem. Glou-Maré Poggenpoel, Gevorderde Mind Moves Instrukteur in Walvisbaai, het die vyf-in-een-Werskwinkel aangebied en ek het voor in die klas gesit. Vinnig het sy die horlosie laat hardloop, met speletjies, gekleurde speelgoed en interessante lekkers. Ons was weer soos kinders, opgewonde en leergierig.

Geïnspireerd het ek Mind Moves in my klas begin toepas en 'n nuwe wêreld het vir my kinders oopgebreek. Sommer aan die begin van 'n periode, tydens ons "move minute", kon ek dadelik die kinders identifiseer wat op daardie spesifiek dag emosioneel was. Ek kon dadelik my klaskamer so inrig, dat die "regterore" wat my moes hoor, my kon hoor. Deur heerlike speletjies kon ek leer om elke leerling in my klas "aan te skakel" sodat hulle integrasie volledig kon bereik.

Wat my oë sekerlik die meeste oopgemaak het, was om te kon uitpluis watter van my leerlinge, ouditief, visueel of kinesteties informasie inneem. Die resultate was amper onwerklik. Voor my oë het besige, ongedissiplineerde kinders, skielik 'n veilige plekkie in my klas gekry waar hulle kon beweeg, sonder om ander te pla. Die moeë kind, wat heelyd raas kry omdat sy haar hande besig hou, se fokus is na haar ore toe verskuif. Die blonde, wakker-oë-dogtertjie is met dikbek en al vorentoe geskuif en haar punte glimlag nou breër as sy.

Algeheel het my hele lewe verander, my hele uitkyk oor onderrig, onderwys en opvoeding het 'n "face lift" gekry. Ek moes eerlik erken dat die fout nie by die "kinders-van-vandag" lê nie, maar by my! Ek moes erken dat hierdie fantasties tegnieke, nie net my leerlinge by die skool se lewens positief verander het nie, maar ook my huwelik gered het. Ja, ek kan vandag getuig dat Mind Moves 'n werklikheid is, dat dit werk vir elke mens, nie net die skerpste potlood in die pakkie nie, en dat die wêreld moet weet van hierdie evolusionêre manier van volkome integrasie.

Ek sal elke dag aanhou leer, ek sal elke dag ander leer.
Hoera vir bewegende breine!

Zea van der Heijden